DIE SWANGER VROU SE KEUSE TOT MIV-TOETSING

I GERRITS

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Curationis* (Verloskundige en Neonatologiese Verpleegkunde) aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr.C.S. Minnie

Medestudieleier: Prof. M.P.Koen

Hulpleier: Mev. A. du Preez

Desember 2007

Bedankings

- Here God, ek prys U. Heilige Gees, ek is dankbaar vir al die hulp met die skryf van my skripsie. Sonder U hulp sou ek niks kon doen nie. Aan U gee ek al die lof.

  "***Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.***" **Filippense 4:13**

- My ouers, suster, broer, familie en vriende wat my in gebed gedra, ondersteun en gemotiveer het gedurende hierdie tydperk.

- My studieleier, Dr. Karin Minnie, medestudieleier Prof. Daleen Koen en hulpleier me Antoinette du Preez vir hul leiding gedurende die navorsingsproses, en dat hulle altyd bereid was om raad te gee.

- Me Emmerentia du Plessis wat as medekodeerder opgetree het.

- Al die swanger vroue wat ingestem het om aan die studie deel te neem en vir hul bydraes.

- Me Cecilia van der Walt vir die noukeuring taalversorging.

- Die NRF (National Research Foundation) vir die beurs as deel van die Thuthuka projek (C.S. Minnie: HIV-testing during Pregancy TTK 200606120001).

Ter nagedagtenis aan my oupa, Dirk Koekemoer, wat selfs na sy dood vir my 'n bron van motivering en inspirasie is.

Opsomming

MIV infeksie neem steeds teen 'n sorgwekkende tempo onder swanger vroue in Suid-Afrika toe, ten spyte van reeds bestaande voorkomende intervensies wat daarop gemik is om MIV-oordrag te laat afneem. Vrywillige MIV-berading en -toetsing gedurende swangerskap is die kern-intreepunt tot die voorkoming van moeder-na-kindoordrag. (Department of Health, 2000:16; Birdsall, Nkosi, Hayiyiannis & Parker, 2004:3). 'n MIV-positiewe vrou word dikwels tydens haar swangerskap die eerste keer as sodanig gediagnoseer wanneer sy 'n voorgeboortekliniek besoek en tot MIV-toetsing instem (UNAIDS, 1997).

Die doel van hierdie studie was om te bepaal wat swanger vroue se ervaringe was ten opsigte van die voortoetsberading wat hulle ontvang het, en om die belemmerende en fasiliterende faktore wat 'n rol gespeel het in hulle keuse om MIV-toetsing te ondergaan, te verken en te beskryf. Beide swanger vroue wat MIV-toetsing geweier en dié wat daartoe ingestem het se ervaring van voortoetsberading is verken. Deur die belemmerende en fasiliterende faktore wat 'n rol speel in die swanger vrou se keuse om MIV-toetsing te ondergaan, te verstaan, kon aanbevelings aan die hand gedoen word om die opnamesyfer van MIV-toetsing onder swanger vroue te probeer verhoog.

Die populasie wat in hierdie navorsing bestudeer is, bestaan uit swanger vroue wat van voorgeboorteklinieke in die Potchefstroom sub-distrik gebruik maak. Doelbewuste steekproefneming is toegepas vir deelnemerseleksie met die hulp van tussengangers wat in die klinieke en die hospitaal werksaam was. Steekproefgrootte is bepaal deur middel van dataversadiging wat na 10 onderhoude bereik is.

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik en data is versamel met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude. Data-analise is gelyktydig met data-insameling uitgevoer. Tydens konsensusgesprekke het die navorser en medekodeerder eenstemmigheid bereik oor die hoof- en subtemas wat tydens data-analise na vore gekom het.

Op grond van bevindinge is tot die gevolgtrekking gekom dat belemmerende en fasiliterende faktore wat 'n rol speel in die ervaring van swanger vroue asook hul keuse om MIV-toetsing te ondergaan wel voorkom. Belemmerende faktore wat

geïdentifiseer is, is: vrees vir 'n positiewe status; vrees vir stigmatisering en diskriminasie; vrees vir die verlies aan ondersteuning; dat hulle nie die geleentheid gegun sal word om na te dink oor hul keuse om MIV-toetsing te ondergaan nie; gebrek aan die versekering dat vertroulikheid inderdaad gehandhaaf sal word; vrees daaroor om bewus te wees van 'n positiewe status, wat tot gevoelens van depressie en geestesongemak lei; en verskille tussen beraders en swanger vroue se persoonlikheidseienskappe. Fasiliterende faktore wat geïdentifiseer is, is: die begeerte om bewus te wees van hul MIV-status; die begeerte om die baba te beskerm; voldoende inligting en die belangrikheid van vertroue en ondersteuning.

Aanbevelings is vervolgens aan die hand gedoen om die MIV-beradings-en toetsingsdienste vir swanger vroue meer gebruikersvriendelik te maak en dit gevolglik vir die swanger vrou makliker te maak om tot MIV-toetsing in te stem. Deur aanbevelings op te volg sal moontlik tot gevolg hê dat meer swanger vroue se MIV-status gedurende baring bekend sal wees. Aanbevelings is aan die hand gedoen om swanger vroue tydens hulle eerste voorgeboortebesoek te beraad ten opsigte van MIV-toetsing en om tydens die tweede besoek die MIV-toets vir hulle aan te bied. Navorsingsbevindinge toon dat die meeste swanger vroue bedinktyd oor hul keuse rakende MIV-toetsing nodig het en om hulle daarop voor te berei. Die meeste swanger vroue het gevoel dat hulle moontlik tydens die tweede voorgeboortebesoek tot toetsing sou instem.

Sleutelwoorde: menslike immuniteitsgebrekvirus (MIV), verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS), moeder-na-kindoordrag, vrywillige berading en toetsing, voortoetsberading, leke-beraders.

Summary

The prevalence of HIV infection in pregnant women is still on the rise despite existing preventive programmes aimed at reducing HIV-transmission. Voluntary counselling and testing during pregnancy is the key entry point in the prevention of mother-to-child transmission (Department of Health, 2000:16; Birdsall *et al.* 2004:3). Women are often diagnosed as being HIV-positive for the first time when they attend antenatal clinics and consent to HIV testing (UNAIDS, 1997).

The objective of this study was to determine the pregnant women's experiences of voluntary counselling and testing (VCT) and to explore and describe the impeding and facilitating factors that played a role in their choice whether or not to consent to HIV testing after having received pre-test counselling. By understanding the impeding and facilitating factors that play a role in the pregnant woman's choice to undergo HIV testing, recommendations could be made to possibly improve the uptake of HIV testing among pregnant women.

The population studied in this research consisted of pregnant women making use of antenatal clinics in the Potchefstroom sub-district. Purposive sampling was used to select participants with the assistance of mediators who were working in the local clinics and the hospital. The sample size was determined by data saturation, which was reached after 10 interviews.

A qualitative design was used and data was collected by means of semi-structured interviews. Data analysis was carried out simultaneously with data collection. In consensus discussions, the researcher and the co-coder reached consensus on the main and sub-themes. The main themes are the facilitating and impeding factors that play a role in the pregnant women's choice to undergo HIV testing.

Based on findings, it was concluded that facilitating and impeding factors that play a role in the pregnant woman's choice to HIV testing do indeed exist. Impeding factors identified were: fear of a positive status; fear of stigmatization and discrimination; fear of lack of support; lack of opportunity to consider their choice to undergo HIV-testing; lack of trust that confidentiality will indeed be honoured; fear of knowing possible positive HIV-status that can lead to feelings of depression and mental anguish; differences between counsellors' and pregnant women's characteristics.

Facilitating factors consist of the desire to be aware of own HIV status; desire to protect the baby; sufficient information and the importance of trust and confidentiality.

Recommendations were subsequently made to make HIV counselling and testing services to pregnant women more user-friendly in order to facilitate the pregnant woman in her choice concerning HIV-testing. Heeding these recommendations will possibly lead to more pregnant women's HIV status being known by the time they go into labour. Recommendations were made that pregnant women be counselled for HIV testing during their first antenatal visit and the HIV-testing being offered to them during the second visit. Research findings reveal that most pregnant women need time to consider their choice to undergo HIV testing and to prepare themselves for the test. Most pregnant women felt that they would possibly consent to HIV testing during their second antenatal visit.

Key words: Human immune deficiency virus (HIV), acquired immune deficiency syndrome (AIDS), mother-to-child transmission, voluntary counselling and testing, pre-test counselling; lay counsellors.

INHOUDSOPGAWE **Bladsy**

Aanhangsels

Lys van tabelle

DEEL 1
OORSIG VAN DIE NAVORSING

1.1 INLEIDING

In hierdie studie word die probleemstelling, doelstellings en aannames, soos deur die navorser gehuldig, eerstens bespreek. Daarna volg 'n indringende beskrywing van die navorsingsontwerp en -metode wat in hierdie navorsing gevolg word. Deel 2 bestaan uit 'n artikel "African Journal for Aids Research". Die studie word afgesluit met Deel 3 wat die gevolgtrekkings en aanbevelings bevat.

1.2 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Vandat die eerste geval van Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) in 1986 aangemeld is, het die insidensie van MIV teen 'n sorgwekkende tempo wêreldwyd toegeneem. Volgens die mees onlangse verslag van die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) en die Joint United Nations Programme on HIV/AIDS (UNAIDS), naamlik die "Aids Epidemic Uptake" is gevind dat 33.2 miljoen mense wêreldwyd met MIV/VIGS leef (UNAIDS & WHO, 2007). Sub-Sahara Afrika verteenwoordig 68% van die wêreldpopulasie wat met MIV leef. Vyf komma vyf (5,5) miljoen Suid Afrikaners leef met MIV/VIGS en verteenwoordig 32% van die wêreldpopulasie wat met die toestand leef (UNAIDS, 2006). Dit plaas Suid-Afrika eerste op die wêreld-ranglys as die land met die meeste MIV-positiewe persone (UNAIDS/WHO, 2006:10; Avert, 2004). Die prevalensie van MIV word bepaal deur die toetsing van swanger vroue wat gebruik maak van openbare voorgeboorteklinieke (Brookes *et al.* 2004:1; Department of Health, 2004(b):1).

Volgens die mees onlangse verslag van die Departement Gesondheid, "National HIV and Syphilis Antenatal Sero-prevalence Survey in South Africa" is bevind dat 29.1% swanger vroue wat van openbare voorgeboorteklinieke gebruik maak, MIV-positief is (Department of Health, 2007:6). In die Noordwes-Provinsie is die voorkoms van MIV 29.0% (Department of Health, 2007:7). Volgens hierdie onlangse opname is daar 'n 1.1% verlaging in die voorkoms van MIV onder swanger vroue van 2005 tot 2006 (Department of Health, 2007:6). Die afname in die voorkoms van MIV word aan verskeie tendense wat in die verskillende ouderdomsgroepe voorgekom het, toegeskryf. Die afname in die insidensie van MIV onder vroue jonger as 20 jaar van

15.9% in 2005 na 13.7% in 2006 word volgens die verslag toegeskryf aan die impak wat intervensieprogramme op die voorkoming van nuwe MIV-infeksies het (Department of Health, 2007:17). In die 20 tot 24 jaar ouderdomsgroep is daar ook 'n verlaging in die insidensie van MIV opgemerk van 30.6% na 28.0% in 2005-2006. Alhoewel daar 'n nasionale verlaging in die voorkoms van MIV gemerk word is dit belangrik om te let op die insidensie van MIV in die Potchefstroom-distrik waar hierdie studie uitgevoer is. Volgens die kwartaallikse verslag van die Noordwes–Provinsie, se Departement Gesondheid, vir die Potchefstroom-subdistrik, het 1 306 swanger vroue gedurende die periode Desember 2006 tot Maart 2007 die plaaslike klinieke vir hul eerste voorgeboorteondersoek besoek. Ongeveer 4 073 swanger vroue het gedurende genoemde periode die klinieke vir hul opvolgbesoeke besoek. Uit hierdie kwartaallikse verslag blyk dit dat die insidensie van MIV onder swanger vroue wat getoets is gedurende Desember 2006 tot Maart 2007 in die Potchefstroom-distrik 49.1% was (Vana, 2007). Die hoë voorkoms van MIV onder swanger vroue in die Potchefstroom-distrik is kommerwekkend, en daadwerklike stappe moet gedoen word om die insidensie van MIV onder swanger vroue te laat afneem.

VIGS lewer 'n groot bydrae tot moederlike sterftes. Meer as 600 000 vroue sterf jaarliks tydens swangerskap en binne die eerste 6 weke na die geboorte van 'n baba (Neilson, 2005:375). Nege-en-negentig persent (99%) van hierdie sterftes kom in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika voor. Ten spyte van voorkomende intervensies is daar steeds 'n verhoging in die moederlike sterftesyfer in Suid-Afrika (Maternal and Neonatal Program Effort, 2005). Meer as 2 600 vroue en jong meisies sterf jaarliks in Suid-Afrika weens swangerskapverwante komplikasies (AbouZahr & Wardlaw, 2004). In Suid-Afrika word 37,8% moedersterftes toegeskryf aan nie-swangerskapverwante infeksies, waarvan 20,1% aan VIGS toegeskryf word (Department of Health, 2004(b):12). Weens 'n hoë moedersterftesyfer van 165.5 per 100 000 geboortes per jaar, is die gesondheid van moeders sowel as die lewering van reproduktiewe gesondheidsdienste deur die Departement Gesondheid as prioriteite geïdentifiseer (Department of Health, 1998; 2002(b):4; Penn-Kekana & Blaauw, 2002:10). As gesondheidsdienste vir moeders beskikbaar, toeganklik, omvattend en geïntegreer is en inligting van hoë gehalte aan swanger vroue oorgedra word, is gesondheidsdienslewering meer optimaal. Swanger vroue kan sodoende in staat gestel word om na afloop van gesondheidsvoorligting ingeligte besluite te kan neem rakende hul gesondheid en reproduktiewe regte (Department of Health, 2004(b); Maternal and Neonatal Program Effort, 2005).

MIV raak nie net volwassenes nie; kinders raak ook geïnfekteer. Negentig persent (90%) pediatriese infeksies word toegeskryf aan moeder-na-kindoordrag (Luo, 2000:144; Birdsall *et al.* 2004), en is die mees algemene wyse waarop kinders met MIV geïnfekteer word (Walter *et al.,* 2000:70). MIV kan gedurende die swangerskapperiode of tydens baring en deur middel van borsvoeding oorgedra word. Ongeveer 5,4% Suid Afrikaanse kinders tussen die ouderdomme 2 en 18 jaar is met MIV geïnfekteer (Brookes *et al.* 2004:3). Minstens een derde van die babas van MIV-positiewe moeders wat nie antiretrovirale middels ontvang het nie, sal met die MI-virus geïnfekteer word (Brookes *et al.* 2004:3). Vir die voorkoming van perinatale oordrag van MIV/VIGS is dit van belang om bestaande intervensies rakende voorkoming van moeder-na-kindoordrag uit te brei.

Aangesien vrywillige MIV-berading en -toetsing die kern-intreepunt tot voorkomingsintervensies is, beklemtoon die Departement Gesondheid die belangrikheid van die implementering van toeganklike en vertroulike vrywillige beradings- en toetsingsdienste (Department of Health, 2000:16; Birdsall *et al. 2004:3*). 'n MIV-positiewe vrou word dikwels tydens haar swangerskap die eerste keer as sodanig gediagnoseer wanneer sy 'n voorgeboortekliniek besoek en tot MIV-toetsing instem (UNAIDS, 1997). Swanger vroue wat nie bewus is van hulle MIV-status nie, kan nie die nodige stappe doen ter voorkoming van moeder-na-kindoordrag nie. Vrywillige berading en toetsing tydens swangerskap bied aan die swanger vrou die geleentheid om:

- 'n ingeligte besluit te kan neem rakende vroeë toegang tot moeder-en-kindversorgingsdienste;
- ingeligte besluite te kan neem ten opsigte van die terminering van haar swangerskap in die geval van 'n positiewe status en die nodige stappe uit te voer om vertikale oordrag te voorkom indien sy sou besluit om met haar swangerskap voort te gaan; en
- ingeligte besluite te neem rakende babavoedingsopsies, seksuele praktyke en toekomstige swangerskappe, asook die verandering van haar lewenstyl in belang van haar eie gesondheid (Postma *et al.* 1999:1656-1660; Ades *et al.* 1999:271-278; Patrick *et al.* 1998:942-947; Department of Health, 2002(a):9).

Vrywillige beradings-en toetsingsdienste (VBT) is noodsaaklik vir MIV-toetsing en is ook 'n belangrike aspek in gesondheidsdienslewering aan MIV-pasiënte. As gevolg van die hoë werkslading en personeeltekort in die openbare sektor word die dienste van vrywillige leke-beraders benut om berading en toetsing te doen (McCoy *et al.* 2002:13). Alhoewel leke-beraders nie formele opleiding ontvang het nie, word hulle wel deur nie-regeringsorganisasies onderrig om saam met geregistreerde verpleegkundiges en in die geval van hierdie studie, die vroedvrou, te werk, om beradings- en toetsingsdienste aan swanger vroue te lewer (Rohleder & Swartz, 2005:397-406).

Benewens die MIV-toets self bestaan vrywillige beradings- en toetsingsdienste uit voortoetsberading waartydens die leke-berader of vroedvrou vertroulik en in privaatheid met die swanger vrou praat oor:

- die belangrikheid van MIV-toetsing tydens swangerskap;
- die impak van MIV op swangerskap;
- die implikasie van 'n positiewe of negatiewe uitslag op die swanger vrou; en
- die toetsprosedure en die verkryging van vrywillige ingeligte instemming (Department of Health, 2002a:9).

Natoetsberading word verskaf na afloop van MIV-toetsing en dit behels:

- die meedeel van die swanger vrou se MIV-status aan haar;
- die verskaffing van ondersteuning aan die swanger vrou ten opsigte van emosies wat moontlik kan voortspruit; uit óf 'n positiewe óf negatiewe resultaat;
- die identifisering van haar ondersteuningsnetwerke, sowel as die bekendmaking van haar status aan hulle; en
- die verskaffing van inligting rakende bestaande voorkomingsintervensies ten opsigte van die voorkoming van moeder-na-kindoordrag en die belangrikheid van 'n gesonde lewenstyl (Department of Health, 2002(a))

Gedurende 2001 het die "Health System Trust" in samewerking met die Departement Gesondheid die loodsprogram vir die voorkoming van moeder-na-kindoordrag in verskeie gesondheidsdienste geëvalueer. Tydens hierdie opname is 18 proefsetels in die openbare gesondheidsdienste in Suid-Afrika betrek om onder andere die persentasie swanger vroue wat van openbare voorgeboorte-gesondheidsdienste gebruik maak en tot MIV-toetsing instem, te bepaal. Daar is bevind dat net 56% van

die swanger vroue wat aan die program blootgestel was, wel tot MIV-toetsing ingestem het (Doherty *et al.* 2003:1). Tydens genoemde opname is bevind dat slegs 27% swanger vroue in die Noordwes-Provinsie tot toetsing ingestem het. Die toetssyfer in die Noordwes-Provinsie val dus onder die peil van 50%, soos aanbeveel deur die WGO (WHO/ UNICEF/ UNAIDS, 2001). Dis is duidelik dat daadwerklike pogings aangewend moet word om die toetssyfer in die Noordwes-Provinsie te verhoog.

Die vraag ontstaan waarom sommige swanger vroue MIV-toetsing weier en ander wel tot toetsing instem. Die sukses van vrywillige beradings- en toetsingsdienste word beïnvloed deur die beskikbaarheid van dienste, die omgewing waarin voortoetsberading uitgevoer word sowel as die gemeenskap se persepsie van MIV (McCoy *et al.* 2002:15). Volgens die verslag vind vrywillige berading en toetsing dikwels in ongunstige omstandighede plaas, wat 'n direkte invloed het op die swanger vrou se keuse ten opsigte van instemming tot toetsing.

Persoonlike faktore dra ook daartoe by dat swanger vroue nie tot MIV-toetsing wil instem nie. Uit verskeie studies wat internasionaal en nasionaal uitgevoer is, blyk dit dat persepsies met betrekking tot 'n lae infeksierisiko (Boyd *et al.* 1999:8) die noodsaaklikheid van die toestemming van hul mans (Cartoux *et al.* 1998:239) asook negatiewe persepsies ten opsigte van dienste wat gelewer word (Kalichman & Simbayi, 2003:442-447) 'n rol speel in die keuse van die swanger vrou om tot MIV-toetsing in te stem. Stigmatisering met betrekking tot MIV, gepaardgaande vrese vir diskriminasie sowel as openbaarmaking van 'n moontlike positiewe status aan 'n metgesel kan tot gevolg hê dat swanger vroue nie tot MIV-toetsing wil instem nie (Chesney & Smith, 1999; Hull *et al.* 1988; Maman *et al.* 2001:595; Pool *et al.*2001:606; Campbell & Bernardt, 2003:548; Birdsall *et al.* 2004:2). Persoonlike faktore wat 'n rol speel in die swanger vrou se keuse om nie tot MIV-toetsing in te stem nie, is nie in die navorsingsverslag deur die "Health System Trust" in Suid-Afrika aangeraak nie. Met hierdie onderhawige studie wil die navorser in die eerste instansie bepaal hoe swanger vroue in 'n semie-stedelike gebied in die Noordwes Provinsie MIV voortoetsberading ervaar, en wat die persoonlike redes daarvoor is dat sommige swanger vroue MIV-toetsing weier.

Die navorser se persoonlike ervaring is dat voortoetsberading in die vorm van groepsgesondheid-voorligting aan swanger vroue verskaf word. Tydens voorligtingsessies word die belangrikheid van MIV-toetsing beklemtoon, en die swanger vrou word bewus gemaak van voorkomingsintervensies om die risiko van moeder-na-kindoordrag van MIV te beperk. Dit wil egter voorkom of swanger vroue nie op hulle gemak is om hul bekommernisse en vrese met die beraders te bespreek nie, wat daartoe kan bydra dat daar steeds 'n groot aantal swanger vroue is wat nie na afloop van voortoetsberading tot MIV-toetsing wil instem nie.

Hierdie navorsing maak deel uit van 'n oorkoepelende projek oor MIV-toetsing tydens swangerskap waardeur gepoog word om vas te stel waarom die status van meer swanger vroue nie teen die einde van hul swangerskap nie bekend is nie (Minnie, 2005). Die doel van die onderhawige studie is om aanbevelings aan die hand te doen met die oog daarop om voortoetsberading vir swanger vroue meer doeltreffend te maak. Die aanbevelings sal moontlik tot gevolg hê dat die MIV-toetssyfer onder swanger vroue verhoog en dat meer moeders en babas voordeel trek uit die voorkomings- en behandelingstrategieë.

Aanvanklik is beplan om slegs swanger vroue wat nie tot MIV-toetsing ingestem het nie, by die navorsing te betrek. Die navorser wou bepaal wat die belemmerende faktore is wat 'n rol speel by swanger vroue se keuse om, na afloop van voortoetsberading, nie tot MIV-toetsing in te stem nie. Oor 'n periode van 9 maande heen is ongeveer 50 swanger vroue geïdentifiseer wat MIV-toetsing geweier het. Slegs 4 van hierdie vroue was bereid om in te stem om aan die studie deel te neem. 'n Moontlike verklaring hiervoor was dat MIV 'n sensitiewe saak is en dat swanger vroue nie op hulle gemak voel om daaroor te praat nie. Na gesprekvoering met kundiges is besluit om ander vroue wat wel tot toetsing ingestem het, in te sluit. Hierdie strategie sou die navorser in staat stel om meer onderhoude te kon voer en sou ook daartoe bydra dat ryker data verkry kon word. Die navorser wou bepaal wat die fasiliterende faktore was wat daartoe bygedra het dat hierdie groep vroue wel tot toetsing ingestem het en wat hulle ervaring van voortoetsberading was. Deurdat die redes verstaan word waarom swanger vroue tot MIV-toetsing instem, of dit weier, kan aanbevelings gedoen word om hierdie dienste in die lewering van optimale gesondheidsorg aan swanger vroue meer doeltreffend te maak, wat dan moontlik tot gevolg sal hê dat die status van meer swanger vroue bekend sal wees.

Uit bogenoemde bespreking en die navorser se persoonlike ervaring van hoe voortoetsberading tans plaasvind en weens die hoë persentasie swanger vroue wat nie tot MIV-toetsing instem nie, ontstaan die volgende vrae:

1. Wat is die ervaring van swanger vroue ten opsigte van voortoetsberading?

2. Watter belemmerende faktore dra daartoe by dat swanger vroue nie tot MIV-toetsing wil instem nie?

3. Watter fasiliterende faktore dra daartoe by dat swanger vroue wel tot MIV-toetsing instem?

1.3 NAVORSINGSDOELWITTE

1. Verken en beskryf die ervaring van swanger vroue ten opsigte van voortoetsberading.

2. Verken en beskryf belemmerende faktore wat daartoe bydra dat die swanger vroue nie tot MIV-toetsing wil instem nie.

3. Verken en beskryf fasiliterende faktore wat daartoe bydra dat swanger vroue wel tot MIV-toetsing instem.

1.4 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Die navorser se paradigmatiese perspektief word vervolgens bespreek. Dit verskaf die agtergrond van waaruit die navorsing vertrek. Die aannames word vervolgens in die metateoretiese, teoretiese en metodologiese stellings weergegee.

1.4.1 Metateoretiese aannames

Die navorser ondersteun die metateoretiese aanname, soos gestel in die Verplegingsteorie vir Mensheelheid wat oorspronklik ontwikkel is deur die Oral Roberts University Anna Vaughn School of Nursing (ORU, 190:136-142) wat gebaseer is op 'n Judeo-Christelike wêreldbeskouing en filosofie wat die Bybel as

bron van waarheid beskou en op die heelpersoon fokus. Orem se teorie vir selfsorg (George, 1990:92) is ook hier van belang, aangesien die navorser van oortuiging is dat die mens oor die potensiaal beskik om te leer en te ontwikkel om sy of haar volle potensiaal te bereik. Metateoretiese stellings vir hierdie navorsing berus op die begrippe die *mens, gesondheid, siekte, verpleging* en *die omgewing.* Hierdie begrippe word vervolgens kortliks bespreek.

1.4.1.1 Die mens

Die mens is 'n geestelike wese wat as eenheid van liggaam, psige en gees op 'n geïntegreerde biopsigososiale wyse funksioneer ten einde sy strewe na heelheid te verwesenlik. Die mens verkeer voortdurend in wisselwerking met sy omgewing.

In hierdie navorsing word die mens verteenwoordig deur die swanger vroue en die vroedvrou waar elkeen as geheel in wisselwerking met hul omgewing tree ten einde hul strewe na heelheid te bereik. Die mens beskik oor die potensiaal om te leer en te ontwikkel met die doel om fisiek, psigies of geestelik sy volle potensiaal te bereik (George, 1990:92).

As mens verkeer die swanger vrou in 'n volgehoue strewe na heelheid om haar gesondheid deur haar bewustheid of onbewustheid van haar MIV-status te bevorder. Die rol van die vroedvrou is om die swanger vrou in staat te stel om deur MIV-berading en -toetsing bewus te raak van haar MIV-status en haar sodoende te ondersteun en in staat te stel om vertikale oordrag van MIV te beperk. Gesien in die lig daarvan dat die mens oor die vermoë beskik om ingeligte besluite te neem wil die navorser bepaal watter belemmerende en fasiliterende faktore 'n rol speel wat tot gevolg het dat sommige swanger vroue MIV-toetsing weier of daartoe instem. Swanger vroue se keuse tot MIV-toetsing het tot gevolg dat hulle hul volle potensiaal kan bereik in hul strewe na heelheid.

1.4.1.2 Gesondheid

Gesondheid word deur die navorser beskou as 'n staat van geestelike, psigiese en fisieke heelheid. Die mens se kenmerkende wyse van interaksie met sy omgewing bepaal sy/haar gesondheidstatus.

Die navorser glo daarin dat die mens oor die vermoë beskik om optimale gesondheid te bereik deur besluite te neem wat tot voordeel vir sy/haar gesondheid sal strek. Volgens Orem se Selfsorgteorie word gesondheid gebaseer op die konsep *voorkomende gesondheidspraktyke* (George, 1990:98). Aangesien die mens(e) 'n selfversorgende wese met unieke behoeftes is, word daar gefokus op die instandhouding en bevordering van gesondheid. Orem se selfsorgteorie is van toepassing op hierdie studie deurdat die swanger vrou wat tot MIV-toetsing instem, haar in staat stel om voorkomende intervensies in werking te stel om moeder-na-kindoordag te voorkom en haar eie gesondheid te bevorder deur die verandering van haar leefwyse. Selfsorg is 'n self-geïnisieerde, doelbewuste aktiwiteit wat verantwoordelike gedrag bevorder. Deurdat die swanger vrou tot MIV-toetsing instem, neem sy die besluit om ingelig te wees oor haar MIV-status en dat sy sodoende besluite kan neem wat tot voordeel kan strek van haar toekomstige gesondheid en dié van haar ongebore baba. Optimale gesondheid word bereik deur die swanger vrou se doelgerigte optrede, byvoorbeeld instemming tot MIV-toetsing, inskakeling by die program vir die voorkoming van moeder-na-kindoordrag, om haar en haar baba se gesondheid in stand te hou, te herstel en te bevorder (Du Preez, 2004:11).

1.4.1.3 Siekte

Siekte word deur die navorser gedefinieer as 'n staat van fisiologiese en psigologiese ongemak wat veroorsaak word deur faktore wat in die interne en eksterne omgewing van die mens aanwesig is. Weiering tot toetsing kan nadelig wees vir die swanger vrou se gesondheid, want as sy nie bewus is van haar status nie, stel sy nie voorkomende intervensies ter beskerming van haar eie of haar ongebore baba se gesondheid in werking nie.

Volgens Minnie (2003:8) kan 'n moontlike MIV-positiewe uitslag, sowel as die bekommernis daaroor dat die virus na haar baba oorgedra word, as stressor in haar interne omgewing dien. Dit is die navorser se aanname dat swanger vroue wat nie tot MIV-toetsing wil instem nie, moontlik nie gekonfronteer wil word deur die ongemak en wete van 'n positiewe MIV-status (siekte) nie, en daarom verkies om nie ingelig te wees oor hul status nie. Dit wil voorkom of swanger vroue meer op hul gemak voel om nie bewus te wees van hul MIV-status nie. aangesien dit vir hulle die voordeel inhou van "gesondheid" eerder as om bewus te wees van 'n moontlike positiewe uitslag, naamlik "siekte". Deur bewus te wees van hul MIV-status kan

swanger vroue dit moontlik nadeliger ervaar as gevolg van stigma, vrees vir verwerping en bewustheid van die dood, teenoor die voordele wat ingeligtheid oor haar MIV-status vir haar inhou, soos toegang tot voorkoming van moeder-na-kindoordragprogramme, ondersteuning en verandering in leefwyse met betrekking tot MIV-toetsing.

1.4.1.4 Verpleging

Verpleging is die professionele optrede van die geregistreerde verpleegkundige en het ten doel om die pasiënt (swanger vrou) met akademiese kundigheid en kliniese vaardigheide te lei om optimale gesondheid te bereik deur interaksie en funksionele aktiwiteite wat gerig is op die bevordering, instandhouding en herstel van gesondheid. Vir doeleindes van hierdie studie verwys verpleging na die verskaffing van voortoetsberadings- en toetsingsdienste aan swanger vroue, sowel as die toesighouding oor leke-beraders in die lewering van voortoetsberading.

1.4.1.5 Die omgewing

Die mens verkeer deurlopend in wisselwerking met sy omgewing, hetsy intern of ekstern van aard. Faktore wat in die mens se omgewing aanwesig is, beïnvloed sy funksioneringswyse. Volgens die definisie van die Verplegingsteorie vir Mensheelheid (ORU, 1990:136-142) van die begrip *omgewing,* bestaan die interne omgewing uit liggaam, psige en gees. Die eksterne omgewing is fisiek, sosiaal en geestelik van aard.

Op liggaamlike gebied vind veranderinge in die vrou se liggaam plaas namate die fetus groei en die liggaam hom op die geboorte voorberei. Geestelik word die swanger vrou bewus van die lewe wat binne haar groei, van vrees vir die geboorteproses, van 'n moontlike positiewe MIV-status, van vrees vir verwerping deur haar familie, haar lewensmaat en die gemeenskap en van 'n vrees vir die dood.

Die sosiale dimensie word verteenwoordig deur die familie en die gemeenskap sowel as die rol wat die gesondheidspersoneel in haar lewe tydens haar swangerskap speel. Haar fisieke omgewing bestaan uit haar huishoudelike omgewing en bronne wat sy tot haar beskikking het vir die versorging en beskerming van haarself, haar ongebore baba en ander gesinslede. Die voorgeboortekliniek sowel as die hospitaal maak deel uit van die swanger vrou se omgewing waar voortoetsberading plaasvind.

Vir doeleindes van hierdie studie is die swanger vrou se intellek, emosies, waardes en etiese beginsels van belang, aangesien hierdie faktore 'n rol speel by haar keuse om tot MIV-toetsing in te stem en dit deel uitmaak van die interne omgewing. Voortoetsberading wat deur leke-beraders aan swanger vroue verskaf word, sowel as die omgewing waarin dit plaasvind, maak deel uit van die eksterne omgewing. In hierdie studie saldaar gefokus word op die belemmerende en fasiliterende faktore wat 'n rol speel in die interne en eksterne omgewing wat daartoe bydra dat swanger vroue na afloop van voortoetsberading toetsing weier of daartoe instem.

1.4.2 Teoretiese aannames

Teoretiese aannames behels die formulering van die sentraal teoretiese argument sowel as die omskrywing van sleutelterme van hierdie studie. Konseptuele omskrywings soos op hierdie studie van toepassing, word vervolgens beskryf.

1.4.2.1 Sentraal teoretiese argument

Kennis van die ervaring van die swanger vroue ten opsigte van voortoetsberading, en die kennis van belemmerende en fasiliterende faktore wat 'n rol speel in hul keuse ten opsigte van MIV-toetsing sal bydra tot die formulering van aanbevelings wat die toetssyfer vir MIV-toetsing onder swanger vroue moontlik sal verhoog sodat meer swanger vroue se MIV-status tydens geboorte bekend sal wees en meer moeders en babas voordeel kan trek uit intervensies ten doel om moeder-na-kindoordrag te voorkom..

1.4.2.2 Begripsomskrywings

Die begrippe wat sentraal staan in hierdie navorsing word soos volg omskryf.

MIV (Menslike Immuungebrekvirus)

MIV is 'n retrovirus wat VIGS veroorsaak deurdat dit 'n persoon se immuniteit afbreek. Die MI-virus kan slegs in lewende menslike selle reproduseer, oorleef en vermenigvuldig. Hierdie virus behoort tot die retrovirus-groep en word ingebou in die DNA van die gasheerselle, wat dan aanleiding gee tot 'n verskeidenheid kliniese tekens en simptome wat varieer van asimptomaties tot fatale toestande as gevolg

van immuniteitsgebrek (Merck, 1992:77). Die MI-virus val die immuniteitselle, naamlik die CD4-selle, aan. Hierdie selle word uitgewis en het tot gevolg dat die liggaam se immuniteitsisteem nie meer kan funksioneer om die liggaam teen eksterne patogene te verdedig nie (Van Dyk, 2001:7). Die verlaging van die CD4-telling (<200 selle/ml) het tot gevolg dat opportunistiese infeksies die liggaam oorneem (Van Dyk, 2001:11). Die liggaam vorm teenliggame in reaksie daarop om die virus te vernietig. Sodra hierdie teenliggaampies in die menslike bloedstroom gevind word, is die persoon MIV-positief. MIV word deur bloed, semen en vaginale vloeistowwe sowel as borsmelk oorgedra. Primêre oordrag geskied deur seksuele omgang, moeder-na-kind-oordrag en die gebruik van inspuitbare dwelmmiddels (Van Dyk, 1999:47).

VIGS (VERWORWE IMMUNITEITSGEBREKSINDROOM)

VIGS word veroorsaak deur die MI-virus. VIGS is die finale stadium van MIV. Indien die CD4-telling minder as 200selle/ml is, het die persoon VIGS. Die MI-virus verswak die persoon se immuunstelsel in so 'n mate dat dit patogene wat die liggaam binnedring nie kan beveg nie, en het tot gevolg dat die persoon sterf weens opportunistiese infeksies en sekere kankers (Van Dyk, 2001:5).

Moeder-na-kindoordrag

Moeder-na-kindoordrag verwys in hierdie navorsing na die oordrag van die MI-virus van 'n MIV-positiewe vrou na haar baba gedurende swangerskap of baring of deur borsvoeding (Minnie & Du Preez, 2004:19-3; WHO, 1998). Die terme perinatale en vertikale oordrag is sinonieme vir moeder-na-kindoordrag. Volgens Luo (2000) en Birdsall *et al.* (2004) is perinatale oordrag verantwoordelik vir 90% van pediatriese infeksies van MIV. Die Departement Gesondheid het die PMTCT (Prevention-of-mother-to-child-transmission)-projek in Suid-Afrika geïmplementeer waarvolgens intervensies gedoen word om die oordrag van die MIV van die moeder na die kind te probeer voorkom.

Vrywillige berading en toetsing (VBT)

Bogenoemde term verwys na voor- en natoetsberading sowel as MIV-toetsing self. Vrywillige berading en toetsing is noodsaaklik vir die lewering van voorgeboortedienste aan swanger vroue. Vrywillige berading en toetsing (VBT)

behels ook verdere begeleiding vir die MIV-positiewe vrou ten opsigte van die neem van ingeligte besluite om haar eie gesondheid te bevorder en om die nodige intervensiestappe te doen om moeder-na-kindoordrag van MIV te voorkom (Postma *et al.* 1999:1656-1660; Ades *et al.* 1999:271-278; Patrick *et al.* 1998:942-947).

Voortoetsberading

Voortoetsberading is 'n een-tot-eengesprek tussen die pasiënt en die berader of geregistreerde verpleegkundige. Tydens voortoetsberading tree beraders/verpleegkundiges in privaatheid met die swanger vrou in gesprek oor die belangrikheid van MIV-toetsing. Inligting rakende MIV wat verstrek word, behels:

- die impak wat MIV op swangerskap het;
- die implikasie van 'n positiewe of negatiewe uitslag vir die persoon se lewensgehalte; en
- die verduideliking van die toetsprosedure en die verkryging van vrywillige ingeligte instemming tot MIV-toetsing (Department of Health, 2002a:9).

Die Departement Gesondheid beklemtoon dat beradings- en toetsingsdienste toeganklik, privaat en vertroulik moet wees (Department of Health, 2000:16).

Beraders

Beraders word verteenwoordig deur die verpleegkundige, die vroedvrou of die leke-berader wat in gesondheidsorginstansies werksaam is. As gevolg van die swaar werkslading in veral die openbare klinieke word die dienste van leke-beraders benut. Leke-beraders is persone wat nie oor 'n formele beradingskwalifikasie beskik nie, maar wel opleiding ontvang het om onder toesig van geregistreerde verpleegkundiges/vroedvroue te werk (Pienaar, 2004:10). Hierdie beraders lewer voortoets- en natoetsberading aan swanger vroue.

Vroedvrou

Volgens die *International Confederation of Midwives* is 'n vroedvrou 'n persoon wat verloskundige program suksesvol voltooi het en geregistreer is om in die land van opleiding as vroedvrou te praktiseer. As vroedvrou moet sy oor die vermoë beskik

om toesig te hou, en om sorg en inligting gedurende swangerskap, baring en in die post-partumperiode aan vroue te bied. Die vroedvrou moet bevallings onafhanklik kan uitvoer en sorg aan die pasgebore baba kan gee. Sorg aan moeder en baba behels voorkomende intervensies, die identifisering van abnormale toestande in beide moeder en baba, die verskaffing van mediese hulp en die uitvoering van noodmaatreëls in die afwesigheid van mediese hulp. As vroedvrou is dit haar verantwoordelikheid om berading en onderrig aan vroue en hul familie sowel as die gemeenskap te gee. Hierdie verantwoordelikhede behels voorgeboorteonderrig en die voorbereiding op ouerskap en die verskaffing van inligting met betrekking tot gesinsbeplanning en kindersorg. Die vroedvrou mag praktiseer in hospitale en klinieke of in ander omgewings van gesondheidsorg wat geskik is vir die hantering van bevallings (ICM, 1992).

Die vroedvrou word verteenwoordig deur die geregistreerde verpleegkundige wat ook as vroedvrou by SARV geregistreer is. Vir doeleindes van hierdie studie word na die geregistreerde verpleegkundige verwys, en dit sluit die vroedvrou in. Die vroedvrou se rol is om heelheid by die swanger vrou sowel as haar ongebore baba te fasiliteer deur die implementering van veilige voor- en nageboortepraktyke sowel as toesighouding oor leke-beraders in die lewering van voortoetsberading. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit die vroedvrou se verantwoordelikheid om toe te sien dat swanger vroue die geleentheid gegun word om ingelig te word ten opsigte van hulle MIV-status deur toegang te hê tot MIV-voortoetsberading. Swanger vroue met 'n positiewe MIV-status moet ingelig word oor voorkomende praktyke wat daarop gerig is om perinatale oordrag te voorkom.

1.4.3 Metodologiese aannames

Die navorsingsmodel van Botes (1995) word gebruik om die navorsingsproses te rig. Die toepassing van hierdie model kan die waarde van hierdie studie bevorder, aangesien dit spesifiek vir verpleegnavorsing ontwikkel is. Deur van hierdie model in die navorsingsproses gebruik te maak word die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing verhoog (Botes, 1995:5). Volgens Burns en Grove (2005:3) is die doel van verpleegnavorsing om bewysgebaseerde sorg te verskaf wat tot gevolg sal hê dat die uitkomsgehalte vir pasiënte, gemeenskappe, gesondheidverskaffers en die gesondheidstelsel bevorder word. Bewysgebaseerde sorg is juis van toepassing op hierdie studie, aangesien die navorser beplan om uit die kennis van swanger vroue se ervaring van voortoetsberading en die geïdentifiseerde belemmerende en

fasiliterende faktore wat 'n rol speel in die swanger vrou se keuse om tot MIV-toetsing in te stem of om dit te weier, bruikbare en toepaslike aanbevelings te formuleer vir doeltreffende voortoetsberading om sodoende die toetssyfer vir MIV-toetsing onder swanger vroue te verhoog.

Die eerste orde verteenwoordig die verpleegpraktyk en navorsingsterrein van verpleging as aktiwiteit. Vir die doel van hierdie studie word die verpleegpraktyk verteenwoordig deur die openbare voorgeboorteklinieke in die Potchefstroom-distrik sowel as die kraamsaal in die Potchefstroom Hospitaal. Op hierdie vlak tree die vroedvrou en leke-berader tydens voortoetsberading in interaksie met swanger vroue.

In die tweede orde word op teorievorming en navorsing gefokus. Deur kennis te genereer oor die swanger vrou se ervaring van voortoetsberading en die belemmerende sowel as die fasiliterende faktore wat 'n rol speel in die swanger vrou se keuse tot MIV-toetsing, en die formulering van aanbevelings om voortoetsberading meer doeltreffend te maak sodat meer swanger vroue se MIV-status tydens baring bekend is, dien die tweede orde die eerste orde.

Die derde orde het betrekking op die filosofiese paradigma van navorsing. Metateoretiese aannames van die navorser ten opsigte van die mens (swanger vrou ,berader, omgewing en die vroedvrou), verpleging en siekte en gesondheid spruit voort uit die Verpleegteorie vir Mensheelheid (ORU, 1990: 136-142), Orem se teorie vir Selfsorg (George, 1990) en Christelike godsdiensbenaderings.

1.5 NAVORSINGONTWERP EN -METODE

Die navorsingsontwerp en -metode wat op hierdie studie van toepassing is, word vervolgens bespreek en sluit die navorsingsontwerp, navorsingskonteks, steekproef, data-insameling en data-analise in.

1.5.1 Navorsingsontwerp

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is in hierdie studie gebruik aangesien die navorser swanger vroue se ervaring van voortoetsberading sowel as die belemmerende en fasiliterende faktore wat 'n rol speel in die swanger vrou se keuse tot MIV-toetsing wil

verken en beskryf. Omdat die doel van hierdie studie die verstaan van swanger vroue se keuse tot MIV-toetsing is, en die navorser belemmerende en fasiliterende faktore wil verken en beskryf wat 'n rol speel in die swanger vroue se keuse om wel tot toetsing in te stem of om dit te weier nadat hulle voortoetsberading ontvang het, is dit van pas dat die navorser gebruik maak van 'n fenomenologiese benadering (Burns & Grove, 2005:27). Uitkomste van die studie word gebaseer op die navorser se ervaring en interpretasie van die realiteit. 'n Fenomenologiese benadering is gepas om die betekenis van ervaring, in die geval die swanger vrou se ervaring van voortoetsberading, te ontdek soos dit deur die individu beleef en ervaar word (Burns & Grove, 2005:27; Fouche, 2004:273). Die uitkomste van die studie is op die swanger vrou se ervaring en interpretasie van die realiteit gebaseer.

Verkenning en beskrywing van ervaringe word veral aangewend om 'n relatief onbekende terrein te ondersoek en dit te beskryf deur 'n opname te doen onder persone wat hierdie ervaringe binne die praktiese konteks beleef (Mouton & Marais, 1992:44, 244). Deelnemers se ervaringe word vanuit hul persoonlike siening binne die spesifieke konteks bestudeer (Babbie & Mouton, 2004:272) 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik en data is versamel met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude. Die navorsingsontwerp is kontekstueel van aard want daar word nie gestreef na veralgemening nie.

1.5.2 Navorsingskonteks

Die navorsingskonteks word deur Mouton en Marais (1992:91-92) beskryf as die area, tyd, kultuur, individu en gemeenskap se oriëntasie ten opsigte van die omstandighede waarbinne die navorsing plaasvind. Hierdie studie word uitgevoer binne die konteks van die Potchefstroom-subdistrik. Aangesien die meeste swanger vroue wat van voorgeboorteklinieke gebruik maak, woonagtig is in die informele nedersettings rondom die Potchefstroom-subdistrik, is dit dan ook die navorsingsarea vir die studie. Die dominante etniese groep wat in die informele nedersettings voorkom, is die Tswana, maar mense wat die Xhosa-, Zoeloe- en Sotho- sowel as Kleurlingbevolking verteenwoordig, is ook hier woonagtig. Tans is daar agt openbare gesondheidsorg-klinieke in die distrik wat voorgeboortesorg-dienste lewer. Voorgeboortesorg-dienste word Maandae en Dinsdae by die onderskeie klinieke gelewer. Volgens die vierde kwartaallikse opname van die Noordwes Departement Gesondheid wat gestrek het van Desember 2006 tot Maart 2007, het 1306 swanger vroue die eerste keer voorgeboorteklinieke bygewoon en 4 073 swanger vroue hul

opvolgbesoeke. Gedurende hierdie periode het slegs 799 swanger vroue tot MIV-toetsing ingestem (Vana, 2007). Alhoewel daar 'n gemiddeld van tot 2 000 besoeke is, is dié nie noodwendig gelyk aan die aantal pasiënte nie, omdat swanger vroue die klinieke meer gereeld gedurende die latere periode van hul swangerskap besoek (Minnie, 2003:91).

Openbare primêre gesondheidsdiensklinieke is gebou in die verskeie informele nedersettings om toeganklikheid vir die publiek te fasiliteer. Hierdie geboue bestaan uit bakstene en is van lopende water, elektrisiteit en sanitasie voorsien. Die klinieke word deur die Departement Gesondheid en geregistreerde verpleegkundiges en leke-beraders beheer, en skoonmakers lewer dienste by die onderskeie klinieke. As gevolg van die hoë werkslading van die verpleegkundiges by die klinieke, gee die leke-beraders MIV-voortoetsberading aan veral swanger vroue. Die geregistreerde verpleegkundige doen die toetsing en verstrek die resultaat van die toets aan die swanger vrou en behartig dan verder ook die voorgeboortesorg van die swanger vroue.

1.5.3. NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsmetode sluit die populasie, steekproef, data-insameling en data-analise in en word vervolgens bespreek.

1.5.3.1 Steekproef

Populasie

Vir doeleindes van hierdie navorsing bestaan die populasie uit alle swanger vroue wat in die Potchefstroom-subdistrik woonagtig is wat gebruik gemaak het van die openbare voorgeboorteklinieke vir voorgeboortesorg, ongeag of hulle ingestem of geweier het om MIV-toetsing te ondergaan.

Steekpoefmetode

Vir doeleindes van hierdie studie is deelnemers doelbewus geselekteer wat aan die seleksiekriteria voldoen (Brink, 2002:141; Burns & Grove, 2005:352; Strydom & Delport, 2003:334). Geregistreerde verpleegkundiges en leke-beraders wat in die openbare voorgeboorteklinieke en Potchefstroom Hospitaal werksaam is, het as

tussengangers opgetree om moontlike deelnemers te identifiseer. Aangesien MIV-toetsing 'n sensitiewe saak is, speel die tussengangers 'n belangrike rol deurdat deelnemers hulle ken en reeds 'n verhouding met hulle opgebou het.

Vir doeleindes van hierdie navorsing was die seleksiekriteria soos volg:

- swanger vroue wat vir voorgeboortesorg gebruik gemaak het en vir voortoetsberading gegaan het by openbare voorgeboorteklinieke in Potchefstroom en
- swanger vroue wat ingestem het om aan die studie deel te neem en dat onderhoude op band opgeneem kon word.

'n Brief (Aanhangsel A) is aan tussengangers gerig waarin die navorser hulle hulp versoek het met betrekking tot die seleksie van deelnemers. Nadat tussengangers ingestem het om tydens die studie hulp te verleen het die navorser persoonlik na die onderskeie klinieke en die hospitaal gegaan om seker te maak dat deelnemers aan die seleksiekriteria voldoen het alvorens hulle by die studie ingesluit is.

Die rol van die tussenganger was om:

- potensiële deelnemers te identifiseer;
- aan deelnemers te verduidelik wat die doel, voordele en belangrikheid van die navorsingsprojek is;
- aan potensiële deelnemers te verduidelik dat konfidensialiteit en anonimiteit regdeur die studie verseker sou word, en ook watter strategie toegepas sou word om dit te verseker;
- aan deelnemers die data-insamelingsmetode te verduidelik en hulle in te lig dat onderhoude ongeveer 'n halfuur sou duur en dat onderhoude op band opgeneem sou word;
- deelnemers in te lig dat hulle psigologiese ondersteuning na afloop van onderhoud sou ontvang indien hulle dit sou benodig;
- 'n tyd te reël vir onderhoude wat beide die navorser en deelnemer pas; en
- te reël dat 'n private vertrek met minimale steurnisse by die kliniek en hospitaal ten tye van onderhoudvoering beskikbaar sou wees.

Tydens die seleksie van deelnemers het hulle inligting ontvang rakende die doel van die studie en wat van hulle verwag sou word. Die inligtingsdokument (Aanhangsel B) het aan deelnemers die doelwitte van die studie verduidelik asook die versekering gegee dat vertroulikheid en anonimiteit te alle tye verseker sou word. Deelnemers is daarvan bewus gemaak dat deelname aan die studie vrywillig was en dat onderhoude op band opgeneem sou word indien hulle daartoe sou instem. Nadat deelnemers bogenoemde inligting ontvang het, het die navorser seker gemaak dat hulle die inligting verstaan het en aan hulle geleentheid gegee om onduidelikhede of bekommernisse uit te klaar.

Steekproefgrootte

Steekproefgrootte is bepaal deur dataversadiging (Morse, 1994:285) - as 'n patroon van dataherhaling voorkom en geen nuwe bevindinge geïdentifiseer is nie. Daar is aanvanklik gemeen dat 'n minimum van 6-8 onderhoude nodig sou wees voor dataversadiging bereik sou word.

1.5.3.2 Data-insameling

Vervolgens word die data-insamelingsmetode, proeflopie, die navorsingsomgewing,data-insamelingsproses, die duur van onderhoude en die rol van die navorser bespreek.

Data-insamelingsmetode

Data is verkry deur indiepte-onderhoudvoering wat gerig is deur twee van drie sentrale vrae. Die vrae was daarop gemik om die swanger vrou se ervaring van voortoetsberading te verken en te beskryf sowel as om te bepaal wat die belemmerende of fasiliterende faktore was wat 'n rol gespeel het in haar keuse, of sy ingestem het tot MIV-toetsing of nie.

Die volgende vraag is aan die deelnemers gestel:

"Wat was u ervaring van MIV-voortoetsberading?"

Aan vroue wat nie tot toetsing ingestem het nie:

"Watter belemmerende faktore het 'n rol gespeel in u keuse om nie tot MIV-toetsing in te stem nie?"

Aan vroue wat wel tot toetsing ingestem het:

"Watter faktore was fasiliterend ten opsigte van die keuse om tot MIV-toetsing in te stem?"

Tydens onderhoudvoering is van bepaalde kommunikasietegnieke, soos deur Greeff (2003:295) beskryf, gebruik gemaak:

- Uitklaring: Hierdie tegniek word gebruik om onduidelike stellings uit te klaar.
- Parafrasering: Die deelnemer se woorde word herhaal, met gebruikmaking van sinonieme.
- Rigting gee: 'n Oop vraag word gestel om die deelnemer aan te moedig om meer inligting te verstrek.
- Minimale verbale respons: Deur middel van minimale verbale respons van die kant van die navorser word die deelnemer aangemoedig om meer te praat.
- Reflektering: Die navorser verbaliseer die perspektief en bekommernisse van die deelnemer om te toon dat sy verstaan.
- Opsomming: Die navorser stel vrae wat verband hou met die onderhoudskedule met die oog daarop om vas te stel of sy verstaan wat die deelnemer sê.

Veldnotas (Voorbeeld in Aanhangsel C) is direk na afloop van die onderhoud opgestel en later getik en by die transkripsie van die onderhoud gevoeg. Dit stel die navorser in staat om gebeure wat tydens die onderhoud plaasgevind het, nie te vergeet nie, en dra by tot data-analise. Die tipes veldnotas word soos volg deur Wilson (1993:222-223) verduidelik:

- *Observasienotas:* Hierdie notas is van belang aangesien die doel daarvan is om die optrede van die deelnemer op enige gegewe tydstip gedurende die onderhoud te ondervang. Die inligting dui op gebeure tydens die onderhoud wat deur die navorser gesien en gehoor word, maar wat nie deel uitmaak van die onderhoud of die verbale kommunikasievaardighede soos genoem nie.

- *Teoretiese notas:* Die notas is 'n doelbewuste betekenistoewysing aan die observasienotas. Afleidings, aannames en interpretasies word aangewend met die oog daarop om 'n moontlike skema vir data-analise saam te stel.

- *Metodologiese notas*: Hierdie notas word gebruik om instruksies en wenke te gee en kritiek te lewer om moontlike toekomstige metodologiese benaderings te verbeter.

- *Persoonlike notas*: Die navorser/onderhoudvoerder se reaksies, gevoelens en ervaringe word verwoord ten einde die rykheid van die data aan te vul.

Proeflopie

Die navorser het 'n proeflopie van die hele data-insamelingsproses in die navorsingsveld onderneem om te bepaal of relevante data bekom sou kon word aan die hand van die vrae wat aan deelnemers gerig sou word (Strydom & Delport, 2003:337). Die proeflopie verskaf aan die navorser bruikbare en praktiese inligting rakende die nodigheid van veranderinge in onderhoudvoeringsvrae en -tegnieke. Soos reeds in die probleemstelling genoem, het die navorser oor 'n periode van 9 maande heen slegs 4 onderhoude kon voer met swanger vroue wat MIV-toetsing geweier het. Aangesien daar so min vroue bereid was om aan die studie deel te neem, het die navorser saam met haar studieleiers besluit om ook swanger vroue wat wel tot MIV-toetsing ingestem het, by die studie in te sluit, en dan te fokus op die faktore wat fasiliterend ingewerk het op die swanger vrou se instemming tot MIV-toetsing. Na die uitbreiding in die navorsingsvrae was daar meer swanger vroue wat bereid was om aan die studie deel te neem en het data-insameling vinniger plaasgevind.

Fisiese omgewing

Alle onderhoude het plaasgevind in 'n private vertrek ter versekering van privaatheid en konfidensialiteit. Die vertrek is so georganiseer dat dit verwyderd is van aktiwiteite in die kliniek of hospitaal, met geen telefone, goeie ventilasie, en skoon en hartlike omgewing om deelnemers op hul gemak en veilig te laat voel. Personeel is daaraan herinner dat onderhoude nie onderbreek moet word nie en 'n kennisgewing is teen die deur aangebring wat gelees het: "Moenie steur nie".

Die navorser en deelnemer het naby mekaar gesit met geen versperring tussen hulle nie. Twee gemaklike stoele, van dieselfde kleur en grootte, is oorkant mekaar geplaas om te voorkom dat deelnemers moontlik ondergeskik teenoor die navorser kon voel, wat tot gevolg sou kon hê dat verskille as negatief en diskriminerend ervaar sou kon word.

Data-insamelingsproses

Data-insameling het geskied soos breedvoerig onder Steekproefneming bespreek is. Nadat geïdentifiseerde deelnemers tot deelname ingestem het, is hulle by die studie ingesluit. Deelnemers is weer daarvan bewus gemaak dat hulle hulle aan die studie kon onttrek indien hulle psigologiese ongemak sou ervaar. Psigologiese ondersteuning was ook beskikbaar indien hulle dit sou benodig. Vertroulikheid en anonimiteit van deelnemers is deurgaans gewaarborg.

Duur van onderhoude

Daar is geen tydsbeperking geplaas op onderhoudvoering nie, aangesien die duur van die onderhoud bepaal was deur die situasie. Onderhoude het wel ongeveer 25 tot 35 minute geduur.

Rol van die navorser

Toestemming om hierdie navorsing te mag onderneem is van die volgende instansies verkry:

- Die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) (Aanhangsel D),
- Die Distrikbestuurder van die Departement Gesondheid van die Potchefstroom-subdistrik (Aanhangsel E);
- Die Pasiëntveiligheidgroep te Potchefstroom Hospitaal (Aanhangsel F).

Doelbewuste seleksie van deelnemers het plaasgevind nadat die navorser afsprake met tussengangers wat in die klinieke en hospitaal werksaam was, gereël het. Tussengangers het die navorser aan potensiële deelnemers voorgestel. Data-

insameling is uitgevoer soos reeds in die paragraaf Steekproefmetode onder 1.5.3.1 bespreek.

Die navorser self is weekliks werksaam in die Verloskundige Eenheid en kom in aanraking met swanger vroue wat MIV voortoetsberading ontvang. Dit skep dus die geleentheid om self potensiële deelnemers te identifiseer.

Onderhoude, met die oog op data-insameling, is deur die navorser self gevoer. Oudiobande is deur die navorser self getranskribeer. Die navorser het oudiobande en veldnotas gemerk sodat inligting korrespondeer en het die data ook self met die samewerking van 'n medekodeerder geanaliseer.

1.5.3.3 Data-analise

Met die oog op data-analise is die oudio-kassetopnames van onderhoude verbatim getranskribeer. Data-analise is na afloop van die eerste onderhoud begin en vind gelyktydig plaas met data-insameling. Die aanvanklike data-analise rig die navorser met betrekking tot besluite rakende toekomstige data-insameling. Daar is gebruik gemaak van oop kodering om getranskribeerde data te analiseer (Burns & Grove, 2001:346; De Vos *et al.* 2002:342). Volgens De Vos *et al.* (2003:345) is oop kodering die proses waarvolgens data ondersoek, vergelyk, gekonsepsualiseer en gekategoriseer word. Tydens die proses van oop kodering word data afgebreek in diskrete gedeeltes waarna dit van naby ondersoek word om ooreenkomste en verskille te vergelyk en vrae te stel rakende die fenomene soos in die data weerspieël (De Vos *et al.* 2003:236). 'n Medekodeerder was behulpsaam met die kodering en het die data onafhanklik van die navorser gekodeer om die geloofwaardigheid daarvan te verseker (De Vos *et al.* 2002:342).

Data-analise is soos volgens die volgende analiseprotokol uitgevoer:

- Transkripsies is herhaaldelik deurgelees om vertroud te raak met die data wat verkry is, sowel as om 'n oorsig te kry van die onderhoude as geheel alvorens die onderhoude opgebreek is (De Vos *et al.* 2003:343). Gedurende die leesproses het die navorser aantekeninge gemaak rakende idees en konsepte wat na vore getree het.

- Elke transkripsie is in drie kolomme verdeel. Die linkerkantste kolom is vir begrippe, die middelste kolom het bevat die data bevat en die regterkantste kolom die persoonlike persepsies en idees.
- Transkripsies is weer eens gelees. Gesproke woorde en sinne is geselekteer en weer gelees. Treffende woorde is onderstreep.
- Die onderstreepte woorde en sinne is in die linkerkantste kolom geskryf as kategorieë, en persepsies en idees wat na vore gekom het, is in die regterkantse kolom geskryf.
- Deurdat die kategorieë in die linkerkantste kolom gelees is, word hoof- en subkategorieë duideliker en makliker geïdentifiseer.
- Hoof- en subkategorieë is gekodeer deur afkortings aan hulle toe te ken (Burns & Grove, 2001:597).
- Genoegsaam data is sodoende verkry om temas te identifiseer wat in die artikel beskryf word (De Vos *et al.* 2003:343). Die navorser het gesoek na menings en verbande tussen data en het patrone geïdentifiseer wat verduidelik en beskryf word.
- Data is in tabelvorm voorgestel waarin hoof en subkategorieë aangedui word. 'n Kort en duidelike oorsig word gegee van die geïdentifiseerde patrone en verkillende verskillende patrone kan vergelyk word (Gillham, 2003:64).
- Die tabel word weer gelees en gefinaliseer deur op kategorieë te besluit, indien nodig (Gillham, 2003:64).

Die medekodeerder het dieselfde analiseprotokol gebruik. Ooreenkomste en verskille in die kategorieë word bespreek en geïdentifiseer en 'n konsensusgesprek is gevoer om kategorieë te finaliseer en konsensus te verkry aangaande geïdentifiseerde temas (Polit & Hungler, 1997:380).

1.6 LITERATUURKONTROLE

Die doel van literatuurkontrole is om navorsingsbevindinge uit die literatuur te bevestig, asook om uniekhede ten opsigte van die bevindinge uit te lig wat verwant is aan die bestaande kennis in die MIV/VIGS-navorsingsveld (Fouché & Delport, 2003:268). Deur swanger vroue se keuse tot MIV-toetsing sowel as hul ervaring van voortoetsberading te verken en te beskryf is data verkry en bevestig deur dit met bestaande literatuur te vergelyk. Nuwe bevindinge wat in hierdie navorsing verkry is, is as unieke bevindinge uitgelig.

1.7 VERTROUENSWAARDIGHEID

Dit is die navorser se verantwoordelikheid om te verseker dat die studie aan die eise van vertrouenswaardigheid voldoen. Vir kwalitatiewe navorsing word die volgende kriteria aangewend om te bepaal of navorsing vertrouenswaardig is: geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid (De Vos *et al.* 2002:351-352; Krefting, 1991:215-222).

1.7.1 Geloofwaardigheid (Waarheidsgetrouheid)

Waarheidsgetrouheid verwys na die vermoë van die navorser om vertroue in die waarheid van bevindinge en interpretasie te vestig. In kwalitatiewe navorsing word waarheidsgetrouheid verkry deur die ontdekking van persone se belewenis soos dit deur hierdie persone self beskryf word (Krefting, 1991:215). In die studie is moeite gedoen om die regte persone te selekteer om hulle ware ervaring vas te lê vir onderhoudvoering. Volgens Sandelowski (soos aangehaal deur Krefting, 1991:216) word 'n kwalitatiewe studie as geloofwaardig beskou wanneer deelnemers se belewenis so akkuraat is dat ander persone wat in 'n soortgelyke situasie verkeer of verkeer het onmiddellik die belewenis sal herken.

Kruisvalidasie is 'n kragtige strategie om waarheidsgetrouheid te verseker (Krefting, 1991:219). Deur in hierdie studie van kruisvalidasie gebruik te maak is 'n verskeidenheid perspektiewe bymekaar gebring om 'n gemeenskaplike bevestiging van data te verkry om te verseker dat alle aspekte van 'n verskynsel verken is. Die verkryging van 'n herhalende patroon in data word beskou as dataversadiging Deurdat kodeerders veldnotas en onderhoudtranskripsies korreleer, word foutiewe persepsies voorkom.

Interne geldigheid word bedreig deur waarnemingseffekte soos seleksie, regressie en mortaliteit (Woods & Catanzaro, 1988:137). Waarnemingseffekte kom voor waar die deelnemers data verswyg of verdraai as gevolg van die feit dat hulle daarvan bewus is dat hulle waargeneem word. Tabel 1.1 gee 'n uiteensetting van maatreëls wat getref word om waarheidsgetrouheid in hierdie navorsing te verseker.

Tabel 1.1 Maatreëls om waarheidsgetrouheid in hierdie navorsing te verseker

Kriterium	Strategie	Maatreëls gevolg in hierdie studie
Waarheidgetrouheid	Betrokkenheid van navorser	1. Die navorser was self betrokke by onderhoudvoering. Daardeur is sy in staat gestel om die voorkoms van wanopvattings te identifiseer, en om 'n vertrouensverhouding met deelnemers te vestig. 2. Bandopnames is deur die navorser self getranskribeer, wat direkte betrokkenheid by die data versterk het.
	Waarnemingseffekte	1. Deelnemers is van anonimiteit en konfidensialiteit verseker. 2. Konsensusgesprekke is gevoer tussen die navorser en medekodeerder om bevindinge uit te klaar. 3. Literatuurkontrole is uitgevoer om interpretasie van die navorser met bestaande literatuur en relevante navorsing te kontroleer.
	Status van die navorser	1. Die navorser se status is in die verslag aangedui en hou geen bedreiging in vir die deelnemers nie. 2. Deelnemers is nie ondergeskik aan die navorser nie. 3. Daar is van 'n onafhanklike medekodeerder gebruik gemaak vir kodering.
	Deelnemerseleksie	1. Tussengangers is geïdentifiseer om deelnemers aan die hand van gestelde kriteria te selekteer. 2. Deelnemers is op 'n onpartydige basis geselekteer. 3. Deelname was vrywillig, deelnemers kon hulle te enige tyd aan die studie onttrek.
	Mortaliteit	1. Transkripsies is onmiddellik na onderhoudvoering gedoen. 2. Veroudering van data is voorkom deur dit nie lank te laat lê nie.
	Navorsingsmetodologie	1. 'n Indigte beskrywing is gegee van die navorsingsmetodologie. 2. Oudiokassetopnames is verbatim deur die navorser self getranskribeer. 3. Kodering is deur die navorser en 'n onafhanklike medekodeerder gedoen.

1.7.2 Toepaslikheid (Oordraagbaarheid)

Volgens Krefting (1991:220) is kwalitatiewe, kontekstuele navorsing nie veralgemeenbaar nie weens die uniekheid van die situasie, en die verantwoordelikheid vir oordraagbaarheid berus nie by die navorser nie. Indigte beskrywing van die konteks en navorsingsproses word egter benodig om die konteks sodanig te beskryf dat verslaggewing ter insae sal wees indien ander navorsers die oordraagbaarheid sou wou beoordeel. In hierdie navorsing is die konteks in detail beskryf sodat die leser self kan besluit in watter mate dit ooreenstem met ander kontekste.

1.7.3 Konsekwentheid (Vertroubaarheid)

Vertroubaarheid van die navorsing dui op die stabiliteit of konsekwentheid van navorsingsdata. Guba (soos aangehaal deur Krefting, 1991:221) maak gebruik van die term ouditbaar om die redeneringsdraad van die navorser helder en duidelik kontroleerbaar te beskryf. Om hierdie studie ouditbaar te maak en vertroubaarheid te verhoog word 'n indigte beskrywing van die data-insamelingsmetode, data-analise en gevolgtrekkings gegee. Tabel 1.2 dui die maatreëls aan wat van toepassing is op vertroubaarheid.

Tabel 1.2 Maatreëls van toepassing op vertroubaarheid

Kriterium	Strategie	Maatreëls
Vertroubaarheid	Status van die navorser	1. Die navorser se status word in die verslag aangedui en hou geen bedreiging vir die deelnemers in nie. 2. Deelnemers is nie ondergeskik aan die navorser nie. 3. 'n Onafhanklike medekodeerder word vir kodering gebruik.
	Kontroleerbaarheid	1. Navorsingmetodiek word dig beskryf.
	Seleksie van deelnemers	1. Tussengangers identifiseer die deelnemers aan die hand van gestelde kriteria. 2. Oorspronklike bande en transkripsies word in veilige bewaring gehou en is beskikbaar vir oudit.

1.7.4 Neutraliteit (Bevestigbaarheid)

Bevestigbaarheid dui op die wetenskaplike eerlikheid wat die navorser tydens die navorsing aanwend. Daar word deurentyd gepoog om op 'n neutrale wyse met die navorsingsdata te werk om sodoende bevestigbaarheid van die navorsing te versterk. Guba se model (soos aangehaal deur Krefting, 1991:221) word gebruik om bevestigbaarheid van die navorsing te verseker. Tabel 1.3 dui maatreëls aan wat van toepassing is op bevestigbaarheid.

Tabel 1.3 Maatreëls om bevestigbaarheid van die navorsing te verseker

Kriterium	Strategie	Maatreëls
Bevestigbaarheid	Triangulasie	1 Onafhanklike kundiges neem deel aan die voorondersoek om die geskiktheid van die vrae te ondersoek. 2. Literatuurkontrole word vanuit 'n internasionale en nasionale soektog uitgevoer. 3. Veldnotas word direk na afloop van onderhoude afgeneem. 4. Konsensusgesprekke volg tussen die navorser en medekodeerder.
	Bevestigbare kontrole	1. 'n Onafhanklike medekodeerder is betrokke by data-analise. 2. 'n Voorondersoek word geloods en met kundiges bespreek. 3. Veldnotas en transkripsies maak deel uit van die navorsingsverslag. 4. Beide nasionale en internasionale navorsing word in die literatuurkontrole gebruik.

1.8 ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte wat in aanmerking geneem word, ooreenkomstig die riglyne wat deur Babbie en Mouton (2004:525), Brink *et al.* (2006:29-43), Burns en Grove (2001:196-208), DENOSA (1997) en International Council of Nurses (2000) gestel word, word volledig bespreek.

1.8.1 Toestemming om navorsing te doen

Toestemming om die navorsing uit te voer is van die volgende instansies verkry:

- Die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) (Aanhangsel A),
- Die Departement van Gesondheid van Noordwes Provinsie (Aanhangsel B);
- Die Distrikbestuurder van die Potchefstroom sub-distrik en
- Die Pasiëntveiligheidgroep te Potchefstroom Hospitaal.

1.8.2 Reg op vertroulikheid en privaatheid

Erkenning word gegee aan die feit dat MIV/VIGS 'n sensitiewe onderwerp is en dat spesifieke etiese probleme kan onstaan indien die navorser etiese beginsels nie handhaaf nie. Aangesien vertroulikheid ten opsigte van MIV-status 'n sensitiewe saak is, is die deelnemers se MIV-status in hierdie studie nie vir die navorser van belang nie, maar wel waarom swanger vroue nie tot MIV-toetsing wil instem nie, of wel ingestem het.

Die navorser het 'n verantwoordelikheid teenoor die deelnemers om te verseker dat die navorsing op 'n etiese wyse uitgevoer word (Brink *et al.* 2006:32). Volgens Brink *et al.*(2006:33) vorm respek vir die deelnemer, regverdigheid en voordeel die grondslag vir die beskerming van die deelnemers se menseregte. Vertroulikheid word te alle tye verseker, onderhoude word in privaatheid gevoer en die deelnemer bly tydens die navorsing anoniem. Bandopnames word in veilige bewaring gehou. Geen persoonlike inligting word bekendgemaak aan ander persone wat nie deel van die navorsingsprojek uitmaak nie.

1.8.2 Ingeligte vrywillige instemming

Skriftelike ingeligte instemming word van deelnemers verkry alvorens hulle aan die navorsingsprojek deelneem (Bylaag C) (Babbie & Mouton, 2004:525; Brink *et al.* 2006:35; Burns & Grove, 2001:206). Deelnemers ontvang inligting in eenvoudig verstaanbare taal ooreenkomstig hulle kognitiewe vlak (Brink *et al.* 2006:37; Burns & Grove, 2001:208). Noodsaaklike inligting rakende die studie word op 'n inligtingspamflet (Bylaag D) aangebring sodat deelnemers weet wat die navorsing behels (Brink *et al.* 2006:36). Deelnemers het die reg op selfbeskikking (Burns & Grove, 2001:196; Brink *et*

al. 2006:31) en het ook die reg om hulle te enige tyd aan die studie te onttrek sonder dat daar teen hulle gediskrimineer word.

1.8.3 Reg op beskerming teen ongemak en skade

Die navorser en studieleiers hou deurlopend toesig gedurende die navorsingsproses om te verseker dat 'n balans gehandhaaf word tussen die betrokke voordele en risiko's.

Gedurende die navorsingstudie word deelnemers teen fisiese, emosionele, geestelike, ekonomiese, sosiale en wetlike ongemak beskerm (Brink *et al.* 2006:32). Deelnemers word verseker van ondersteuning deur 'n berader om haar sodoende teen emosionele ongemak te beskerm. Etiese aspekte ten opsigte van hierdie navorsingstudie word deur die navorser respekteer en daar word seker gemaak dat hierdie studie op 'n wetenskaplike eerbare wyse uitgevoer word. Die navorser deel resultate wat uit die navorsing voortspruit met ander wetenskaplikes, diensverskaffers en deelnemers sodat dit uiteindelik tot voordeel van die gemeenskap kan strek.

1.9 NAVORSINGSUITLEG

Die skripsie word in artikelformaat voorgelê en bestaan uit die volgende:

- DEEL 1:

OORSIG VAN DIE NAVORSING

- DEEL 2:

NAVORSINGSBEVINDINGE WORD IN ARTIKELFORMAAT WEERGEGEE: THE PREGNANT WOMAN'S CHOICE TO UNDERGO HIV TESTING

- DEEL 3:

GEVOLGTREKKINGS, TEKORTKOMINGE VAN DIE NAVORSING EN AANBEVELINGS MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE VERHOGING VAN DIE OPNAMESYFER VAN MIV-TOETSING ONDER SWANGER VROUE

1.10 SAMEVATTING

In Deel 1 is die probleemstelling en navorsingsontwerp en -metode breedvoerig bespreek. Verder is die vertrouenswaardigheid en etiese aspekte van die navorsing ook uiteengesit.

In Deel 2 word die resultate van die navorsing in artikelformaat bespreek.
Die artikel word voorberei ooreenkomstig die instruksies van die tydskrif *African Journal of AIDS Research*.

VERKLARING VAN STUDIELEIERS

In die volgende stelling, bevestig die mede-outeurs hul rol in die studie en stem saam dat die artikel ingesluit word in die verhandeling.

Hiermee bevestig ek dat genoemde artikel in paragraaf 1.9 ingesluit word in die verhandeling. Ek gee hiermee toestemming dat die artikel gepubliseer mag word as deel van die M.Cur. verhandeling van Me. I Gerrits.



Dr. C.S. Minnie



Prof. M.P Koen



Me. A du Preez

DEEL 2

THE PREGNANT WOMAN'S CHOICE TO UNDERGO HIV-TESTING

Authors

Ilza Gerrits

Catharina S Minnie

Magdalena P Koen

Antoinette du Preez

Article for submission to *African Journal of AIDS Research*.

Author Guidelines for *African Journal of AIDS Research.*

Editorial Policy:

Submission of a manuscript implies that the material has not previously been published, nor is it being submitted elsewhere for publication. Submission of a manuscript will be taken to imply transfer of copyright of the material to the publishers, NISC. Contributions are accepted on the understanding that the authors have the authority for publication. Material accepted for publication in *AJAR* may not be reprinted or published in translation without the express permission of the publishers, NISC. *AJAR* will publish research articles of 5 000 to 10 000 words, although longer articles may be accepted. Review papers will be accepted only if they make an original conceptual or theoretical contribution to the field. The entire paper must be presented in English, although the abstract may, in addition, be presented in another language.

Review process:

Papers submitted to AJAR will be reviewed by two appropriately qualified and experienced referees to ensure that all papers accepted for publication are methodologically and conceptually sound and make an original contribution to the field. Reviewers are instructed to rate papers using the following criteria: 1. the paper is well-structured and presentation is clear; 2. the goals of the project are readily apparent; 3. the methods used are appropriate to the project and appear to have been satisfactorily executed;

4. results and conclusions are well argued and cognisance is taken of alternative interpretations;
5. appropriate use is made of figures and tables (where relevant);
6. the paper takes into account related empirical and/or analytic work in the field; and
7. the paper makes an original contribution to knowledge in the area.

Papers should be submitted to the Editorial Assistant at ajar@ru.ac.za. Any queries regarding presentation should be addressed to the Copy Editor or Editorial Assistant. Further information on format and references, including examples of tables and graphs, may be obtained at http://www.cadre.org.za

When a manuscript is submitted, the corresponding author will be given a reference number that should be used when communicating with *AJAR.* Manuscripts must adhere to the following criteria for submission and papers failing to do so will be returned to authors to be corrected before being reviewed:

Format:

Papers should be submitted in MSWord or recent, compatible software format. Headings and text should be presented in 12-point non-serif font such as Arial. Text should be 1.5 line spaced and should not include text columns. Headings should be cased in sentence format (e.g. The history of injectable contraception). Primary headings should be presented in bold, secondary headings in bold and italics and tertiary headings in italics only. Margins should be 25mm and paragraphs should not be indented. Complex graphs and scanned images should be saved as separate files

and preferred insertion point referenced in the text. Manuscripts should contain a title page, an abstract page, the body of the text beginning on a new page, and a reference list.

Title page:

This should include the title, author/s names (first and surname), corresponding author e-mail and postal addresses, and a short biographical sketch for each author on work and research interests. Author names must only appear on the title page. If any acknowledgements are due these should appear on the title page. The date of submission to *AJAR* should also be stated.

Abstract page:

This should include the title of the paper and an abstract, which should be a concise statement of the scope of the work and the principal findings. It should summarise the information presented in the paper but should not contain references. Below the abstract up to five additional index words which are not included in the title must be listed in alphabetical order for retrieval purposes.

Citation and referencing style:

Authors should follow the Harvard style of referencing: (http://www.lmu.ac.uk/lss/ls/docs/Harvard/uploads/quoteunq.doc).

Citations:

If a citation refers to a sentence it must be located before the period at the end of the sentence — e.g. (Akintola, 2001). If it refers to a paragraph it must be included after the period at the end of the paragraph. Multiple citations should be separated by semicolons and these must be cited chronologically — e.g. (Habib, 1998; Bwanika & Davis, 2000; Bam, 2001). If there is more than one citation with the same publication year, these should be listed alphabetically. If the author is referred to in the text the following format applies: 'Nzioka (2001) suggests that...'. If direct quotes are used the author, year of publication and page number must follow the quote in brackets — for example, (Ajulu, 1999, p. 63). If more than one page is referred to the following format is applicable: pp. 55–56. If the author name needs to be mentioned in relation to quoted text the following format applies: Machel (1998) suggests that 'Quote' (p. 66). If there are more than two authors in a cited reference, the first time the work is cited all the authors' names must be used and thereafter, the first author followed by *et al.,*

Reference list:

This must appear at the end of the paper and must contain a list of all references cited in the text, in alphabetical order of first author, and should not include references not referred to in the text. All authors must be included in the reference list and full journal titles must be used.
Examples: Abraham, J. & Subrahmanian, C. (1998) Barriers towards the implementation/utilization of HIV counselling services. Paper presented at XII International Conference on AIDS, Geneva, Switzerland.
Ajuwon, A., Akin-Jimoh I., Olley, B. & Akontola, O. (2001) Perceptions of sexual coercion: learning from young people in Ibadan, Nigeria. Reproductive Health Matters 9(17), pp. 128–136.

Mann, J. (1992) AIDS in the World. Cambridge Massachusetts, Harvard University Press.
Webb, D. (1998) The sexual and economic politics of reintegration: HIV/AIDS and the question of stability. In: Simon, D. ed. South Africa in Southern Africa. Reconfiguring the Region. Oxford, James Currey.
UNAIDS (2000) A framework for action 2000. Available at www.unaids.org/africapartnership/files/FrameworkEnglish-final.doc [Accessed 12 April, 2002].
(Some caution should be exercised in citing internet references, as URLs are prone to change. It is therefore better to refer to a site URL where the reference may be searched for. It is generally better to reference the hard copy publication if possible.)

Body of text:

All papers should include an introduction and conclusion section, but given the different types of papers that might be published in *AJAR*, we do not prescribe a standard format for the middle section. In structuring the body of the article authors are requested to take into account the review criteria described above.

Footnotes/endnotes:

Endnotes should be used rather than footnotes, although it is preferable to limit use of endnotes. Full references should appear in the reference list and not in endnotes.

Writing style:

This should be concise and clear. Long and complex sentences should be avoided. Authors must bear in mind that *AJAR* will be read by non-native English speakers and efforts should be made to define terms and jargon which are discipline-specific or infrequently used.

Abbreviations:

These should generally not be used in the text. 'For example', 'that is' and 'namely' should be written in full, although abbreviations such as 'e.g.', 'i.e.' and 'viz.' may be used in text which is separated from the main text body by hyphens or brackets.

Non-English words:

These should be italicised and should not be capitalised by virtue of being non-English words.

Acronyms:

When an acronym is used for the first time, it should be followed in parentheses by the full text to which it refers. Thereafter the acronym may be used without explanation.

Numbers:

The period (.) must be used as the decimal indicator, and 'thousands' must be designated by a space rather than a comma (e.g. 1 500 000).

Inverted commas:

Double inverted commas should only be used to designate quotes. Otherwise single inverted commas should be used.

Tables:

Each table must be accompanied by an appropriate standalone caption. Data may not be presented in both tabular and graphical form. Tables must use thin single lines and should not include shading. Tables should contain only information directly relevant to the content paper.

Figures:

Highly stylised formatting should be avoided. Figures should preferably be two dimensional and inward-turning scale marks should be used. The use of grey tones should be avoided and pattern textures should rather be used.

Scanned images:

Line artwork and photographs should be scanned and saved as separate files, rather than included in the text. References to these files should be clearly marked in the text. The preferred point of insertion should be labelled in the text. TIF, GIF, JPG or EPS formats may be used. Images must be scanned at a minimum of 300dpi format.

Corresponding authors will receive an electronic copy of their manuscript for reprint use.

Submission Preparation Checklist (All items required)

- The submission has not been previously published nor is it before another journal for consideration; or an explanation has been provided in Comments to the Editor.

Copyright Notice

Privacy Statement

The names and email addresses entered in this journal site will be used exclusively for the stated purposes of this journal and will not be made available for any other purpose or to any other party.

THE PREGNANT WOMAN'S CHOICE TO UNDERGO HIV TESTING

Authors' names: Ilza Gerrits, CS Minnie, MD Koen, A du Preez

Corresponding author's e-mail address:
ilzagerrits@yahoo.com / Karin.Minnie@nwu.ac.za

Postal address: School of Nursing Science
Private Bag X 6001
North-West University
Potchefstroom
2520
South Africa

Brief bibliographic sketch of each author

Ilza Gerrits is working as a midwife in Highveld Medi-Clinic in Secunda, South Africa, and is in the process of completing her Master's degree in Midwifery and Neonatal Nursing Science. Her special interest is midwifery and the prevention of vertical transmission of HIV.

Dr CS Minnie is a senior lecturer in Midwifery at the Potchefstroom Campus of the North-West University. Special interests are education of midwives and advanced midwives as well as Evidence-based practice and development of Best Practice Guidelines.

Prof MP Koen is an assistant professor in the School of Nursing Science at the Pothcefstroom Campus of the North-West University. Special interests are mental health and life skills training.

Ms A du Preez is working as a senior lecturer in Midwifery at the Potchefstroom Campus of the North-West University. Currently, she is doing her PhD in Midwifery with a special interest in quality improvement in maternity services.

The pregnant woman's choice to undergo HIV testing

ABSTRACT

The prevalence of HIV/AIDS in pregnant women is still on the rise, despite existing preventive programmes. The pregnant woman's choice to consent to HIV testing plays an important role in implementing measures to prevent mother-to-child transmission.

The objective of this study was to determine pregnant women's experiences of voluntary counselling and testing (VCT) and to explore and describe the impeding or facilitating factors that played a role in their choice to consent to or refuse HIV testing after having received pre-test counselling.

A qualitative design was used. After purposive sampling, data was collected by means of semi-structured interviewing. Individual interviews were conducted with pregnant women in the local clinics as well as in the hospital. Open coding was used for analyzing the data.

Impeding factors identified consist of the following: fear of a positive status; fear of stigmatization and discrimination; fear of lack of support; lack of opportunity to consider their choice to undergo HIV testing; lack of trust that confidentiality will be honoured; fear of knowing possible HIV status, which could lead to feelings of depression and mental anguish; differences between counsellors' and pregnant women's characteristics. Facilitating factors were: desire to be aware of own status; desire to protect the baby; sufficient information and the importance of trust and support. Pregnant women still fear to know their HIV status. The fear of knowing their HIV status can possibly be aggravated by HIV stigmatization. Recommendations were formulated for counsellors and midwives to improve the uptake of HIV testing by pregnant women leading to more pregnant women's HIV status being known by the time of delivery.

Keywords: HIV/AIDS, HIV/AIDS counselling, lay counsellors, mother-to-child transmission, voluntary counselling and testing (VCT),

Introduction

More than 5,5 million South Africans are living with HIV/AIDS – 32% of the global number (UNAIDS/WHO, 2006). These statistics place South Africa as number one on the ranking list as the country with the most HIV infected people (Avert, 2004; UNAIDS/WHO, 2006). The prevalence of HIV in pregnant women consenting to be tested in the town in the North-West Province under investigation was 49,1% during December 2006 to March 2007 (Vana, 2007).

Voluntary counselling and testing (VCT) is the key entry point for the prevention of mother-to-child transmission (Birdsall, Nkosi, Hayiyiannis & Parker, 2004). The pregnant woman cannot take steps to prevent HIV transmission if she is not aware of her HIV status. A HIV positive woman is often diagnosed for the first time when she is attending the antenatal clinic after having consented to HIV testing (UNAIDS, 1997). Voluntary HIV counselling and testing during pregnancy affords pregnant women the opportunity to make informed decisions concerning their reproductive choices and health as well as interventions to prevent perinatal transmission of HIV.

A study has revealed that the success of voluntary testing and counselling is influenced by the availability of services, the environment in which counselling is rendered as well as the community's perception of HIV (McCoy, Besser, Visser & Doherty, 2002). According to this report, voluntary counselling and testing usually occurs in unfavourable conditions which have a direct influence on the pregnant woman's choice concerning whether or not to undergo HIV testing.

Personal factors also contribute to the pregnant woman's choice to refuse HIV testing. Recent studies conducted nationally and internationally indicate that perceptions of a low infection risk (Boyd, Simpson, Hart, Johnstone & Goldberg, 1999), the need to get consent from their partner (Cartoux, Msellati, Meda, Welfens-Ekra, Mandelbrot, Leroy, van de Perre & Dabis, 1998) as well as negative perceptions regarding services delivered (Kalichaman & Simbayi, 2003) all play a role in the pregnant women's choice regarding HIV testing. HIV stigma, the fear of discrimination and disclosure of their HIV status to their partners can

also contribute to pregnant women's refusal to be tested (Hull, Bettinger & Gallaher, 1988; Chesney & Smith, 1999; Maman, Mbwambo, Hogan, Kilonza & Sweat, 2001; Pool, Nyanzi & Whitworth, 2001, Campbell & Bernardt, 2003; Birdsall *et al.* 2004). Personal factors that play a role in the pregnant woman's choice to refuse HIV testing have yet not been investigated in these above-mentioned research reports.

According to the South African National HIV Survey of 2005, 45% pregnant women still refused HIV testing (Shisana, Rehle, Simbayi, Parker, Zuma, Bhana, Connolly, Jooste & Pillau, 2005).. It is of importance to the researcher to explore the pregnant women's experiences of HIV pre-test counselling, as well as to examine the impeding and facilitating factors that play a role in the pregnant women's choice to consent to or refuse HIV testing and the role of those factors that influence the women who refuse testing. The researcher formulated recommendations that can improve the experience of voluntary counselling and testing so that more pregnant woman might become more willing to be tested and be informed about their status before they go into labour.

This study forms part of an overarching project in which all the factors affecting HIV testing during pregnancy are investigated.

Research questions

The following research questions arose from the problem statement:

- How do pregnant women experience HIV pre-test counselling?
- What are the impeding factors that play a role in the pregnant women's choice to refuse HIV testing?
- Which facilitating factors contribute to pregnant women consenting to undergo HIV testing?

These research questions led to the following objectives for this study:

Objectives

- To establish what the experiences of pregnant women are regarding HIV pre-test counselling.
- To explore and describe impeding factors which contribute to pregnant women refusing HIV testing.
- To explore and describe facilitating factors which contribute to pregnant women to consent to HIV testing?

Research design and method

A qualitative, explorative, descriptive contextual design was used for this study. Data was collected by semi-structured interviewing pregnant women who refused or consented to HIV testing after having received pre-test counselling, so as to achieve the research objectives. A qualitative approach is appropriate because the researcher was interested in understanding the pregnant women's experience of pre-test counselling and in exploring and describing the impeding as well as facilitating factors that contributed to the pregnant women's choice to undergo HIV testing.

The population studied in this research consisted of pregnant women living in a town in a semi-urban province. Participants consisted of pregnant women attending local antenatal clinics in the district as well as the local hospital for antenatal care whom received pre-test HIV counseling. Purposive sampling was used to select participants (Brink, Van der Walt & Van Rensburg, 2006; Strydom & Delport, 2003; Burns & Grove, 2005). Potential interviewees were identified by mediators working in the clinics and the hospital. When participants were selected, they were given information concerning the research and what was expected of them. This information explained the objectives of the research, the ways in which confidentiality was ensured and that the interviews would be recorded. Once participants had received the above-mentioned information and the researcher had ensured that they understood this information, they were

requested to sign a consent form. The sample size was determined by data saturation (Morse, 1994). Purposive sampling and data-collection in this study continued until a sufficient amount of data was obtained from the interviews to be able to draw valid conclusions. Originally it was planne to only interview pregnant women who refused HIV testing after receiving pre-test HIV counseling, but after only 4 women were willing to participate in the study in a period of 9 months it was decided to also include women who did agree to HIV testing. Ten interviews were conducted during this research – four with pregnant women refusing HIV testing, and six with women consenting to testing before data saturation was reached.

